# Jeremia 1

Londen, 15 Februarie 2015

**Doop**

**slide Geestelike tuiste vir wêreldreisigers - Leef jou roeping! III slide**

**God het ander planne...** **Skriflesing: Jeremia 1:1-19** slide

## 1. Hy maak die eerste skuif slide

<u>**Voordat**</u> Jeremia vir God geken het, **het God hom geken**

Lank voordat ons planne gemaak het oor ons eie lewe en toekoms...
Lank voordat ons vrae oor Hom gehad het, het Hy al in ons belanggestel
Lank voordat ons gedink het dat Hy belangrik is, was ons al vir Hom belangrik
Lank **voordat enige iets in jou lewe gebeur het... het God al planne gehad...**

Hebreeuse woord - **yada** - diep, intieme persoonlike ken – soos 'n man en vrou mekaar diep intiem ken, op alle vlakke diep intiem verbind en betrokke is, saamleef

So is **God** toegewyd aan sy volk, sy mense – *"Ek het jou as my vrou gevat..."*

**God se plan, sy roeping begin altyd hier**: By 'n baie noue verhouding wat Hy met ons wil hê...

**Ken my naam - Jeremia begin met 'n lys van 7 name** - plaas die fokus terug na elke individu

jy is nie maar toevallig nie, jy is nie algemeen nie, jy is vir 'n besondere rede gemaak, God het 'n besondere plan met jou... die Here wil sy vinger op jou bors kom sit, Hy weet van jou... Hy het jou naam

**My waarde word** nie **bepaal** deur wat ek doen... verdien... dra... eet... **deur wat God van my dink!**

**Jeremia - betekenis** onseker - die Here lig op, verhoog, gee waarde - wat Nber is, is dat die Here deel uitmaak van sy naam

Hilkia en sy vrou gee hulle seun 'n naam **met die verwagting dat die Here op een of ander manier betrokke gaan wees** in sy lewe en deel gaan uitmaak van sy toekoms

Vergeet soms dat God alreeds betrokke is in ons lewens...

Geen kind is maar die genetiese produk van sy ouers nie, geen kind is toevallig of 'n fout nie - elkeen 'n mens in wie se lewe God betrokke wil raak – met wie Hy 'n plan het

**God het die eerste skuif gemaak - v 5!**

**Dan - is ons lewens** nie maar die sameloop van omstandighede nie, 'n onseker raaisel, die resultaat van ander se keuses nie, uitgelewer aan toeval of noodlot nie...

Daar is Iemand wat op 'n ander manier na my kyk, wat in my belangstel, wat in my lewe besig is om te werk - Ons leef in die storie wat Iemand anders begin het... en gaan voltooi

**God het klaar kant gekies**

Voor sy geboorte het God Jeremia al aan Hom gewy, afgesonder, een kant gesit

God wag nie en kyk hoe ek uitdraai voor Hy daardie keuse maak nie... God se ***waagstuk*** met jou...

## 2. Ons eerste skuif is gewoonlik 'n wegskuif slide

Jeremia se enigste bydrae tot gesprek is die woorde van **v 6:** ***"Ag Here, ek kan nie... Ek is te..."***

20 jaar oud en nou moet ek met konings en leiers gaan praat

Ek is jammer, moenie dit van my verwag nie... Jeremia is nes ons – **ek kan nie**

Ons eerste reaksie as ons in die kollig kom, is gewoonlik om verskoning te maak!
Ons eerste reaksie as ons uitgevang word, is om verskonings te soek, onsself regverdig...!
Ons eerste reaksie as ons uitgedaag word, is om nuwe verskonings uit te dink!
En ons is baie goed hiermee - moet net nie my uitdaag of te veel van my vra of my bootjie skud of van my meer verwag as wat ek bereid is om te gee nie

***Ek kan nie***... praat nie, kom nie, help nie, *meer* gee nie, probeer nie...

kyk watter moeilike goed is op my pad
kyk wat het al met my gebeur....

***Ek is te jonk***... vreemd... teruggetrokke... arm... besig... sondig... –nie goed genoeg nie
Watter verskoning het jy?
uitgedaag om op te hou weghardloop, wegkruip, ophou verskonings soek... jy kan nie weghardloop nie
waar gaan jy wegkruip, watter verskoning gaan die Here koop?
God weet klaar alles - Hy weet wie ek nou is... Hy weet alles van my af - en Hy hou nog steeds aan om uit te reik!

**3. God ... hou aan roep** slide

Dan gebeur 'n interessante ding – die Here kry nie vir Jeremia jammer nie, los hom nie uit nie, word nie oortuig deur ons verskonings nie, val nie daarvoor nie...
Sy roeping op jou lewe, gaan nie verander agv my verskonings nie – ek gaan net uitmis op die mens wat ek kan wees!!
**Sy antwoord** op ons verskonings is, **Hou op! – v 7-8**
Moenie dink jy kan nie - jy hoef nie, ***Ek is... Ek sal...***
Moenie jouself onderskat nie...
Want **God het 'n plan met jou - dis wie jy is!** – *God se roeping op my lewe – waar my identiteit lê...*
Iemand wat inpas by die Here se plan... **v 7**: gaan... sê... praat... getuig... leef...
opdrag ernstig neem - **adjust and obey**
**In v 8** gee Hy die belofte: ***"Moenie bang wees nie... Ek is by jou... Ek sal jou red..."***
Amper asof die Here wil kom sê: "Ek verstaan - moenie vaskyk teen wie jy is nie, hou op om verskonings te soek
- sien My raak, sien raak wat Ek gaan doen! Ek gaan werk! Ek gee jou my woord!"
En ons lees hoe die Here Jeremia se mond aanraak - vir Hom die regte woord in sy mond lê **- v 9**, hom bekwaam maak
Hoe die Here vir hom **mag en outoriteit** gee - **v 10**
Ek maak jou 'n **vestingstad**... 'n **ysterpilaar**... 'n **bronsmuur**... **v 18** - dit is wie jy is!
Waar ander veilig kan wees... iemand op wie Hy kan steun... ondeurdringbaar
Baie meer as leë beloftes – God ken my diep intiem en **juis daarom gee Hy my versekering** – hou HY aan werk...
slide
Storie van die res van die Bybel, hoe God aanhou uitreik, mense nie alleen los nie. Gee Sy Seun
Weet ons sukkel om Hom te glo.. ons gaan bang word... ons gaan nie dink ons is goed genoeg nie... gaan nuwe verskonings soek
**Geloof is om God op sy woord te vat: Want Ek is by jou sê die Here – v 19**

Terug na eerste paar verse... oor 3 generasies gebruik die Here vir Jeremia... deur die regering van 3 konings kom Jeremia met die boodskap van die Here wat wil sorg en red en bevry en 'n nuwe toekoms wil gee, en nog steeds word Israel in ballingskap weggevoer, wil hulle nie luister nie... maak sy prediking nie 'n verskil nie...
Maak nie saak nie, Jeremia laat toe dat die Here in en aan hom werk – Jer 33:31
Hy bly gehoorsaam... Hy bly hierdie pad stap!

**Seën** slide